

God se oordeel

Romeine 2:1-16

13 September 2026

1. Vantevore: Heidene het kennis van God – ken Sy ewige krag en goddelikheid uit Sy dade, maar onderdruk dit doelbewus met sinlose redenasies. God openbaar Sy toorn oor hulle deur hulle oor te gee aan eie begeertes en verwerplike denkwyses. Gevolglik tree hulle onbetaamlik op.
2. Rom 2:1-16 – fokus verskuif na Jode/mense wat God se spesifieke openbaring het
3. Ons redeneer: Die heidene verdien God se oordeel. Rom 2:1 waarsku egter ons is skuldig aan dieselfde optredes as die heidene (vgl Rom 1:29-31)
4. Die sekerheid van God se komende oordeel
 - i. God gaan definitief oordeel (v2, 3, 5, 11)
 - ii. God gaan op oordeelsdag deur Christus Jesus oordeel (v16)
 - iii. Vgl Mat 16:27, 1 Kor 3:13
5. Die beginsels waarvolgens God gaan oordeel
 - i. God gaan oor alle mense oordeel
 - Wie jy ook al is (v1), elkeen (v6) Jood en Griek (v9, 10)
 - Al die nasies (Mat 25:32)
 - ii. God gaan onpartydig oordeel
 - Nie volgens uiterlike nie (v11)
 - Vgl Hand 10:34-35, Kol 3:25, Ef 6:9, 1 Pet 1:17
 - iii. God gaan dade oordeel
 - Volgens dade (v6), volgehoue goeie werke (v7), ongehoorsaamheid (v8), kwaad doen (v9), goeie doen (v10)
 - Gelykenis van skape en bokke – oordeel volgens wat gedoen is (Mat 25:31 ev)
 - Volgens dade geoordeel (Op 20:13)
 - Oordeel nie geloof nie, wel dade
 - Word geregverdig op grond van geloof (Ef 2:8-9)
 - Regverdigmaking moet lei tot goeie werke (Ef 2:10)
 - iv. God gaan regverdig oordeel
 - God gaan na waarheid oordeel (2020 DAV)/regverdig (NAV)/based on truth (NIV)/rightly (ESV)
 - Hoe gaan God regverdig oordeel? (v12-15)
 - Mense sonder die wet: het kennis van God uit Sy werke, het getuienis van die wet op hulle harte, in hulle gewetens en gedagtes – God gaan dit gebruik as maatstaf
 - Mense met die wet: het kennis van God en Sy wet – God gaan dit gebruik as maatstaf
 - Albei groepe skiet egter te kort
 - Selfs diegene met die wet, wat van God se goedheid, verdraagsaamheid en geduld leer, se bekering is gebrekkig – stapel God se toorn op (v4-5)
6. Die uitkoms van God se oordeel
 - i. As iemand volhou in goeie werke – streef na heerlikheid, eer en onsterflikheid – ontvang ewige lewe, heerlikheid, eer, vrede (v7, 10)
 - ii. As iemand volhard in ongehoorsaamheid – ontvang God se toorn / gramskap (v8, 9)
7. Samevatting: 'n Spesiale werk van God is nodig!